# "Weer 'n Treffer Naweek vir SAWA Waterberg"

SAWA Waterberg het weer 'n treffer saamtrek gehou by Emmarentia Geldenhuys vanaf 17 -19 April 2009. Ons was 17 woonwaens wat saamgetrek het - 15 Waterbergers en 2 gaste. Willem en Maria Nordeje (Gebied Jakaranda Voorsitter) het by ons kom kuier - dit was 'n voorreg om hulle te ontvang en dan ook die jongste nuus uit Gebied Jakaranda te kry.

Ons het al Donderdag begin saamtrek. Vrydag het ons almal al nesgeskrop en ons Kampkommandante, Hennie en Cora Alberts saam met Hennie en Paula Booyse, het programme uitgedeel (Dankie Lettie en Cora vir die moeite wat julle doen om die program 'lewe' te gee), Hamburger bestellings geneem en almal laat tuisvoel.

Vrydag aand was dit Hamburgers en na die saameet het ons Kampvuur-konsert gehou; musiek was deur Johan de Lange verskaf en ons het liedjies uit die SAWA Liedjieboek gesing - nodal met 'stemme'; dit was so goed dat lede het gedink ons kan die 'Waterberg Outyd Singers' 'n CD opneem !!!!

Saterdag oggend was dit 'Gesamentlike Brunch' en toe 'Mark Tafel' (dankie Eryna vir jou insette). Saterdag aand het ons lekker saamgebraai en toe weer om die kampvuur liedjies gesing.

Sondag oggend het Dominee Japie van Deventer die Erediens waargeneem; Willem Nordeje gee inligting oor Jakaranda Gebied se toekoms planne en wys ook fotos van die Presidentesaamtrek. Toe was dit tyd vir ons Voorsitter se verslag; daarna het ons 'Hoender Pootjie' bedien. Kyk, ons het gekuier !!

Dankie aan almal wat so geedriftige deelgeneem het. Ons sien uit na ons Mei 2009 saamtrek.

**M.C. UECKERMANN**



Willem en Ryna Gerber ontvang hulle 400ste Algemene saamtrekplaatjie

Du Preez en Lettie Nel ontvang 70ste Streeksaamtrekplaatjie





Carinus en Felitia ontvang hulle 170ste Streeksaamtrek plaatjie